GAAN DAN EN GAAN MAAK BRANDERS

Mobiliseer jou unieke geloofsgemeenskap tot effektiewe evangelisasie.

MARIO WEYERS

VIR DIE MOBILISERING VAN GEMEENTES VIR KERKPLANTING

INLEIDING

Met die lees van Mat.10:37*"Die oes is groot maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes"* het 'n vraag by my ontstaan**. Die vraag wat ek my self af gevra het, was wat kan ek as geestelike voorganger doen om die arbeiders meer te maak vir die oes?**

Natuurlik is dit Christus self wat die arbeiders uit stuur en hulle sy persoonlike gesag gee om sy kerk in die wêreld te wees. Tog mag ons ons nie distansieer van die wesenlike verantwoordelikheid om die liggaam van Christus gedurig te ontplooi vir haar dienswerk in die wêreld nie.

Volgens die stelsel teorie het die kerk die natuurlike neiging om na 'n tyd sy wyse van funksionering as 'n saak op sy eie te sien. Die kerk loop dan gevaar om in 'n instituut te verander. So 'n gemeente gaan mettertyd al hoe meer op in 'n stelsel. Lidmate wil hierdie stelsel dan later ten alle koste handhaaf. So gebeur dit in sommige gemeentes dat die handhawing van 'n eie styl die hoofklem kry, terwyl die kerk se werklike roeping- om die evangelie uit te dra en die nood in die wêreld aan te spreek- mis gekyk word. Die gevolg hiervan is verreikend! Gemeentes se fokus is gevolglik eiebelang en selfoorlewing. Lidmate verloor hul visie vir kerk wees in die wêreld en handhaaf hul lidmaatskap te alle koste net binne die vier mure van aanbidding. Om lidmate dan te probeer mobiliseer vir 'n taak na buite is kontra produktief aangesien hulle gekondisioneer is aan die hand van kerk wees binne die veilige ruimte van die kerk gebou! Gemeente mobilisasie blyk gevolglik 'n groter uitdaging te wees as wat ons soms reken.

Hierdie skrywe is beslis nie die enigste in sy soort nie en verseker nie die omvangrykste werk nie, maar is nietemin 'n eerlike poging om 'n grondslag daar te stel van waaruit die problematiek van bogenoemde aangespreek kan word.

Dit is die gebed van my hart dat hierdie skrywe 'n vertrek punt mag wees vir voorgangers en geestelike leiers in gemeentes wat stoei met die uitdaging om die kerk gemobiliseer te kry vir haar taak in die wêreld.

INHOUDSOPGAWE

1. ‘n Profeet word ‘n mobiliseerder.
2. God as bron van mobilisasie.
3. God mobiliseer sy gemeente deur opdragte en beloftes
4. Mobilisasie as antwoord op God se bekommernis.
5. Die **doel** van mobilsasie **(*Verteenwoordiging*).**
6. Die **fokus** van mobilisasie **(*Funksie en nie vorm*).**
7. Die **Grondgebied** van mobilisasie (**Die 3 G’s).**
8. Die **prys** van mobilisasie **(*Diensbaarheid*).**
9. Die **vyand** van mobilisasie **(*Huis op sit…*).**
10. Evangelisasie- my gemeente se opdrag
11. ‘n Gemeente wat die krag van evangelisasie ontdek het.
12. Evangeliseer om God te eer!
13. Seesterre
14. Groepstudie met vrae : **Visvang vir Jesus.**
15. **Gaan dan en maak branders**

‘N PROFEET WORD’N MOBILISEERDER:

Die kerk bevind haarself in ‘n situasie waar die behoefte in aanvraag nie na meer ‘profete’ is nie, maar na meer mobiliseerders. Die kerk se behoud lê lankal nie meer daarin om slegs goeie leraars vir die pastoraat op te lei nie, maar leiers te kweek wat kerk wees kan laat posvat ver buite die vier mure van die kerk gebou! Die uitdaging is lank al nie meer eksklusief die pastorale funksie van die gemeente nie, maar die impak van die kerk in die gemeenskap!

Baie gemeentes kan as suksesvol beskou word in die opsig dat hul ‘n pastorale funksie vervul en evangeliese Skrif gefundeerde prediking lewer. Tog moet ons mekaar daaraan herinner dat die kerk geroep word om ook effektief in die wêreld te wees. Ons wat die lig in die wêreld moet wees kan kies om slegs ‘n gloed af te gee ter wille van ons eie sekuriteit en gemak. Of ons kan daardie lig effektief aanwend om lig in duisternis te wees waar verlossing en hoop gebring moet word.

Suksesvolle gemeentes verstaan die roeping om hul grondgebied te beskerm en hul getuienis te handhaaf. Effektiewe gemeentes daarenteen verstaan ook hul roeping as die uitbou van hul werksterrein veel verder as hul gemeente grense. (Hand.1:8)

Die woord ‘mobilisasie’ is ontleen aan die krygskunde en hou daarmee verband om soldate voor te berei en in staat te stel tot werklike aanvalle en verdediging soos die situasie dit vereis.

Profete (leraars in meer algemene taal) fokus op die WAT van God se wil, terwyl mobiliseerders ook prioriteit wil gee aan die HOE en WAAR daarvan.

Dikwels wanneer ‘n preek of lering bespreek word is die algemene kritiek van die hoorders dat die inhoud wel betekenisvol is, maar dat daar onsekerheid is oor **hoe** om dit in die praktyk van die daaglikse lewe toe te pas.

‘n Goeie soldaat het nie alleen nodig om te weet **wat** in oorlogstye van hom of haar verwag word nie, maar moet veral gemobiliseer word ten opsigte van **hoe** die aanval strategies moet verloop en **waar** die konfrontasie sal plaasvind.

Vir plaaslike gemeentes om groter impak in gemeenskappe en die groter wêreld te maak, moet leraars en voorgangers ontwikkel in mobiliseerders.

1Konings 19 vertel vir ons meer hieroor.

‘n Profeet word ‘n mobiliseerder:

In 1Konings 18 lees ons van Elia se konfrontasie met die Baal profete en die kragtige wyse waarop God sy mag openbaar. Dan toon die verhaal ‘n skielike afwaartse kurwe met die woestyn episode in Hoofstuk 19. Moeg en emosioneel afgemat vlug Elia van Isebel af weg, die verlate woestyn binne!

Die skrywer wil vir die leser aandui dat Elia anders die woestyn gaan verlaat as wat hy daar in gegaan het. Dit doen hy deur te verduidelik dat Elia die **woestyn in vlug** en ook deur te verwys na **die berg Horeb**.

In die konteks van die Bybel speel 'n woestyn 'n belangrike rol in voorbereiding op iets groter wat volg. God gebruik Israel se omswerwinge in die woestyn om sy volk voor te berei om Kanaan in te neem. In die Nuwe Testament lees ons van die Gees wat Jesus die woestyn in lei om daar deur die duiwel versoek te word (Luk.4:1-13). Na hierdie konfrontasie in die woestyn lees ons net in die volgende perikoop, Lukas 4:14 "*Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei."*

Woestyne was duidelik God se speelveld om sy dienaars voor te berei op nuwe bedieninge en uitdagings!

Die berg Horeb, in 1 Konings 19, verwys weer op sy beurt na 'n nuwe openbaring wat op Elia wag.

Die skrywer aanvaar dat ons as lesers bekend is met die geskiedenis en konteks van Moses se lewe. As dit wel die geval is sal ons onthou dat God sy wil aan Moses geopenbaar het aan die hand van die tien gebooie, by Horeb (Eks.19-20).

Verder moet ons in ag neem dat God Homself aan Moses geopenbaar het by hierdie selfde berg reeds jare vroeër, in die vorm van die brandende braambos (Eks.3:1-4).

Dit behoort dus duidelik te wees dat die skrywer vir ons voorberei, met die aanduiding van die berg Horeb, dat Elia 'n nuwe ontmoeting gaan hê en dus anders uit die woestyn sal tree as wat hy moeg en moedeloos daar in gestrompel het!

Inderdaad is dit wat gebeur! Ons lees in verse 15-16 van 'n vars nuwe opdrag en dus 'n nuwe bediening vir Elia! Hy word afgesonder om as mobiliseerder op te tree. Hy word uit die amp van profeet ontslaan en indiens geneem as mobiliseerder! Voortaan sou hy nie alleen op eie houtjie herstel en hervorming bewerk nie, maar drie ander rolspelers mobiliseer om self politieke (Gasael en Jehu) en geestelike (Elisa) stabiliteit te vestig. Hy sou voortaan nie meer alleen die stryd hoef aan te sê nie, maar het nou manne-krag gehad wat hy kon mobiliseer vir die hervormings wat moes plaasvind!

Mobilisasie is 'n teenvoeter vir uitbranding:

Geestelike leiers is mense! Geestelike voorgangers is mense met grense! Elia het klaarblyklik nie die krag van mobilisasie verstaan nie, daarom dat hy uitgebrand en depressief in die woestyn beland het(*klaarblyklik was Elia nie bewus van die 7000 mense wat hy kon mobiliseer nie – sien verse 10 en 18).* Mobilisasie maak dit moontlik om ander te begelei om deel van God se plan te word en gemeenskaplike verantwoordelikheid vir bedieninge te aanvaar.

Mobilisasie is 'n teenvoeter vir individualisme:

Die meeste geestelike voorgangers (leraars) is sterk individue!(*Dalk wou Elia nie saam met die 7000 toegewyde Jahwe volgelinge werk nie?!! – verse 10 en 18*). Gevolglik is dit nie net binne kerklike kringe moeilik om gemeentes te laat saamwerk nie, maar selfs 'n groter uitdaging om bedienaars onderling te verenig rondom 'n gemeenskaplike roeping! Alleen mandate is nie deel van God se wen strategie om

gemeenskappe en die wêreld te transformeer nie. Mobilisasie maak dit egter moontlik om ander se talente en gawes te inkorporeer, waar die bydraes van elke individu tot voordeel van die span se opdrag aangewend word!

Mobilisasie kweek duplikasie:

Toe Elia verby Elisa stap gooi hy sy mantel op hom. In die konteks van die Ou Testament was ‘n mens se kledingstuk ‘n verlengstuk van jouself. Simbolies dui dit daarop dat Elia sy ondervinding en wysheid in Elisa se lewe wil vestig! Elia wil homself in Elisa dupliseer. Duplikasie gee waarde aan mobilisasie. Deurdat Elia bereid was om in opdrag van God Elisa te salf en op te lei as profeet kon Elia sy bekwaamhede en ondervinding in Elisa laat voort leef lank na sy eie roeping geëindig het.

Mobilisasie kweek medewerkers:

1 Konings 19 word soos volg afgesluit:”*Daarna het hy(Elisa) saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.*” Die vrug van mobilisasie is mense wat gemeenskaplike verantwoordelikheid aanvaar en medewerkers word. Voortaan sou Elia vir Elisa leer hoe om God se stem te hoor, God te gehoorsaam en weerstand te bied teen die afgodsdiens van hul tyd.

Ek glo dat mobilisasie die antwoord is vir leierskap wat soos Elia uitgeput, moeg en moedeloos in die woestyn beland het.

Die storie word vertel van ‘n reisende sending sekretaris wat Indië besoek het. Die laaste Sondagoggend voor sy vertrek het hy ‘n kragtige en opbouende preek gelewer. Hy kon egter nie ontslae raak van die ongemaklike wete dat hy hierdie mense binnekort sou verlaat met hul land wat uit miljoene bestaan wat nog met die goeie nuus bereik moet word…Sonder dat hy dit beplan het begin hy teen die kansel trappies afstap na die lidmate in die banke. Een vir een plaas hy sy hand op hul skouers en stuur hul met die woorde terug hul gemeenskap in…”*Gaan na elke dorpie en stad en maak die mense dissipels, doop en leer hulle…*”

Teleurgesteld dat sy organisasie nie meer sendelinge vir hierdie gemeente kon voorsien nie, is hy terug na sy land.

Een jaar later besoek hy weer die streek en weer bogenoemde gemeente. Tot sy verbasing het die lidmaattal verdubbel en was daar skaars genoeg plek vir almal in die kerk!

Deurdat hierdie sendingleraar op ‘n kritieke moment bereid was om die rol van mobiliseerder te vertolk het honderde mense in beweging gekom en het dit op sy beurt weer groot vrug opgelewer! Hy het nie net gepreek oor wat God van sy kerk verwag nie, maar het ook die **WAAR** *(dorpies en stede…)* en **WAT***(doop en leer hulle…)* aangeraak!

Indien u ook aanvaar dat die kerk nie bestem is vir die woestyn nie, is hierdie skrywe vir u bedoel! Indien u ook oorweldig voel deur die groot geestelike uitdagings van ons

tyd en dit wil aanspreek is dit tyd om God toe te laat om van u ‘n mobiliseerder te maak…

GOD AS BRON VAN MOBILISASIE:

Wanneer ons die Bybel lees word dit duidelik dat mobilisasie nie ‘n een-en-twintigste eeuse uitvinding is nie, maar reeds in die Skrif aan die Drie-enige- God toegewys word.

God die Vader word telkens in die Skrif verbind aan die **identifisering** van mense vir mobilisasie.

God die Seun word weer verbind aan die **motivering** van die dissipels met die oog op die planting van die toekomstige kerk.

God die Heilige Gees word op sy beurt verbind aan die **optimalisering** van die kerk se potensiaal vir diens.

God die Vader en identifisering:

Een kenmerk van suksesvolle mobilisasie is om geskikte kandidate vir ‘n spesifieke taak te kan identifiseer.

Reeds in die Ou Testament identifiseer God vir Abraham om ‘n seën vir die nasies te wees, Josef om die internasionale hongersnood in die Ou Nabye Ooste te koordineer, Moses om die verbonsvolk uit Egipte te lei, Josua om die verbonsvolk in Kanaan in te neem en David om Israel staatkundig te bestuur…

As ons sou vra na die korrekte kriteria vir identifikasie van menslike hulpbronne in ons gemeentes is dit belangrik om beginsels te gebruik wat eie aan die Skrif is.

Ons ken die verhaal waar Samuel na Isai gaan om een van sy seuns te salf om die koningskap by Saul oor te neem. Ek haal die volgende aan: *“Toe hulle inkom, het Samuel vir Eliab gesien en gedink: die gesalfde van Die Here staan hier voor die Here. Maar Hy sê vir Samuel:’ Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike” (1Sam. 16:7).*

Duidelik word dit hier gestel dat die innerlike kwaliteite van mense swaarder moet weeg as uiterlike tekens in die identifikasie van rolspelers.

‘n Ander ewe belangrike beginsel wat deurgans in die Ou-Testament na vore kom is die waarheid dat **God deur mense se swakhede werk en nie noodwendig daarsonder nie.**

Abraham het gelieg toe sy lewe in gevaar was (Gen. 12:12-13). Josef was ‘n bedorwe brokkie wat stories aangedra het by sy pa (Gen. 37: 2). Moses was ‘n moordenaar met ‘n hewige humeur (Gen.2: 11-12). Dawid het naas moord, ook owerspel gepleeg (2Sam.11)!

In die identifisering van mense vir God se werk sal dit dus deurgans nodig wees om deur God se oë na potensiele rolspelers te kyk en Bybelse beginsels daarvoor te gebruik.

God die Seun en motivering:

In die Nuwe Testament is dit veral Christus wat as die Seun van God mobiliseer deur te motiveer. Ons vind dat Christus in sy dissipelskap opleiding deurgans met motivering werk wanneer Hy die dissipels uitstuur met bepaalde opdragte.

In Mat.10:5-11:1 ontvang die dissipels hul mobiliserings instruksies. Let op hoe Christus deurgans **motivering** gebruik as deel van sy mobilisasie:

"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies"(vers 29-30).

"Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek ,vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek…"(32.)

"Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind" (39).

Christus stuur die onervare volgelinge in die geharde praktyk in waar hulle soos skape tussen die wolwe sal moet bedien! Gevolglik sluit Christus bogenoemde mobilisering opdrag af met die versekering en motivering dat hul Hemelse vader hul beskerm en vir hul telkens sal intree.

In Matteus 19 lees ons van die volgende motivering wat Christus aan sy dissipels deurgee:

"*En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry."*

Dit is opvallend dat Christus nie slegs vooraf motivering gebruik vir sy mobilisering van die dissipels nie, maar ook nadat die opdragte voltooi is.

Ons lees in Luk 10:17 en 20 die volgende:

"*Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: 'Here selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam'… Toe sê Hy vir hulle: 'julle moet nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is."*

Lidmate word gemobiliseer deur te motiveer! Dit is daarom belangrik dat mense wat geidentifiseer word en toegerus word deur u as voorganger vir evangelisasie, bewus gemaak moet word van 'n groter prentjie as net dit wat hulle huidiglik kan sien en interpreteer. Daarby moet hul verstaan dat die rol wat hul speel en funksie wat hul vervul nie alleen persoonlike en geestelike groei te weeg sal bring nie, maar ook

ewigheidswaarde sal inhou. Let op daarna dat Christus veral van langtermyn motivering gebruik maak, soos byvoorbeeld deur te verwys na die *hemel* of *ewige lewe.* Christus was inderdaad besig om volgelinge te kweek vir lewenslange verbondenheid aan die Nuwe Testamentiese kerk en nie bloot mense op te lei vir persoonlike gewin nie.

Dikwels maak ons die fout om motivering slegs vooraf te gebruik terwille van die afhandeling van ‘n projek. Indien ons daarin slaag om motivering ook tydens en na afloop van ‘n projek toe te pas; slaag ons daarin om nie slegs mense vir enkele take te kontrakteur nie, maar gelowiges te motiveer om hul rol in die kerk as ‘n bediening te begin verstaan!

Dit is kenmerkend dat jong bekeerlinge veral in die kerk diensbaar is of wil wees van wee hul persoonlike ontmoeting met Christus Jesus. Dit is dus van kardinale belang om te verstaan dat wanneer mense ‘n persoonlike ontmoeting met Christus het hul gemotiveer is om dikwels dadelik en onverskrokke Hom te volg en te dien! Die heerlikheid van bekering en wedergeboorte is so prominent dat jong gelowiges vanuit hul nuut gevonde verhouding met Christus dadelik gemotiveer is om gemobiliseer te word vir diens!

Die teendeel is natuurlik ook waar. Gemeentes wat nie met evangelisasie gemoeid is nie sal op die langtermyn dit moeiliker vind om lidmate te kan mobiliseer. Waarom? ‘n Nuut gevonde verhouding met Christus is opsigself vir jong gelowiges ‘n motivering om gemobiliseer te word. Deur nominale Christene nie die objek van evangelisasie te maak nie, ontneem gemeentes hul self die geleentheid om gelowiges te gebruik wat onlangs deur Christus se genade gemotiveerd is om te gehoorsaam…

<u>God die Heilige Gees en optimalisering:</u>

Die krag van mobilisasie lê daarin opgesluit dat die Heilige Gees mense optimaal gebruik wat die Vader geidentifiseer het en wat deur ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus gemotiveer is tot diensbaarheid!

Om dit te illustreer wil ek na Petrus en Paulus verwys.

God **identifiseer** Petrus ten spyte van sy persoonlike tekortkominge en kies hom uit nogtans sy gebreke(Hy wil nie dat Christus die kruis weg gaan nie en verloën Hom op die vooraand van sy sterwe!)

Vanuit sy verhouding met Christus word Petrus **gemotiveer** om *vissers van mense* te wees (Mat.4:19) en in die toekoms ‘n deurslaggewende rol te speel in die vestiging van die kerk (Mat 17:18).

Die Heilige Gees neem dit wat ons aanbied en gebruik dit optimaal. Die mobilisering wat aanvanklik begin met die identifisering van individue en deur motivering in beweging gebring word word tot uitvoering en voltooing gebring deur die werk van die Heilige Gees.

Lukas berig in *Handelinge* dat die Heilige Gees op Pinksterdag in Jerusalem, Petrus instrumenteel gebruik om drie duisend mense te mobiliseer om by die geloofsgemeenskap van Christus aan te sluit en hulle te laat doop (Hand. 2:41)!

In Handelinge hoofstuk 10 lees ons weereens van die merkwaardige manier waarop die Heilige Gees vir Petrus in beweging bring. In ‘n geestesvervoering wys die Heilige Gees vir Petrus daarop dat sy verlossing vir alle mense bedoel is en nie alleen gereserveer is vir die Jode nie. Die Heilige Gees mobiliseer vir Petrus en gelowiges uit Joppe om Kornelius te besoek. Gevolglik ontvang hulle wat nie- Jode is nie, die doop met die Heilige Gees!

So vind ons dan ook in Handelinge 13 dat die Heilige Gees Paulus as gemeenteleraar ontslaan om hom in ‘n sending bediening te plaas. Die Heilige Gees het gewoon geweet dat Paulus meer impak sou maak buite die gemeente se strukture as daarbinne. Die Heilige Gees wil ons optimaal gebruik en sal nie skroom om ons uit sekere bedieninge uit te haal as ons op ander terreine meer optimaal gemobiliseer en aangewend kan word nie:” *Toe hulle op ‘n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gese:’ sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het”(Hand.13:2).*

“So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur…”(Hand.13:4).

Duidelik is dit die werk van die Heilige Gees om individue wat uitverkies en voorberei is se bedieninge te optimaliseer, sodat die wêreld kan glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Ten slotte kan ons dus verstaan dat die groot taak van mobilisasie drie bepaalde aktiwiteite van die kerk en sy leierskap vra:

*** Dat ons die Vader moet vertrou om aan ons te openbaar watter individue Hy vooraf bestem het om in sy raadsplan te mobiliseer vir diens.**

*** Dat ons die Seun se voorbeeld moet navolg om bogenoemdes te bemoedig en te motiveer vanuit hul persoonlike verhouding met Hom.**

*** Dat ons die Heilige Gees sal toelaat en vertrou om ons totale lewe te bestuur ten einde die impak van ons diens in die wêreld te optimaliseer.**

GOD MOBILISEER SY GEMEENTE DEUR OPDRAGTE EN BELOFTES

Wanneer ons as mobiliseerders mense moet begelei in die veld van evangelisasie is daar altyd twee aspekte betrokke, naamlik: '**n opdrag en 'n belofte** (Sien enkele voorbeelde **Eks.3:10 en 3:12; Jos.1:2 en 1:3-5; Mat**. **28:19-20a en 28:20b;Mark 16:15 en 16: 17-18. Luk. 24:47 en 24:49; Joh. 20:21b en 20:22b**).Uit persoonlike ondervinding sal God vir diegene wat Hy reeds geidentifiseer het wil voorsien van 'n persoonlike opdrag asook 'n belofte vir die spesifieke taak. Lidmate wil graag die versekering hê dat hulle op grond van God se roeping by die gemeente se evangelisasie bedieninge betrokke raak en sal grootliks gemotiveer bly deur 'n belofte wat so 'n roeping vergesel.

Abraham word byvoorbeeld geroep om die volgende opdrag uit te voer: Hy moet uit sy gemaksone beweeg en die toekomstige Israel mobiliseer om tot seën te wees vir die res van die wêreld.
Hierdie opdrag vra van hom om 3 belange prys te gee:

1. **Sy land** as verteenwoordiging van alles wat vir hom bekend is.
2. **Sy mense** as verteenwoordiging van sy identiteit
3. **Sy familie** as verteenwoordiging van sy sekuriteit.

Vir Abraham se gehoorsaamheid aan God se opdrag volg die volgende 3 beloftes

1. Abraham sal tot 'n groot nasie gemaak word.
2. God sal Abraham seën.
3. Abraham sal 'n man van groot betekenis word.

Hier onder volg enkele voorbeelde van Skrif kombinasies waardeur God mense in sy kerk mobiliseer vir spesifieke take deur vanuit die prediking of woordstudie hul van 'n evangeliese opdrag en belofte te voorsien.

Eks.3:10 en 3:12

***Opdrag**: "Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry."*

***Belofte**: "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dit wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid."*

Jos.1:2 en 1:3-5.

***Opdrag**: "Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee."*

***Belofte**: "Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom…"*

Mat.28:19-20a en 28:20b

***Opdrag**: "Gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels:doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het…."*

***Belofte**: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

Mark.16:15 en 16:16

***Opdrag**: "Hy het vir hulle gesê:' Gaan uit, die hele wêreld in,en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."*

***Belofte**: "Wie tot geloof gekom het en gedoop is sal gered word…"*

Luk.24:47 en 24:49

Opdrag: "*…en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder."'*

***Belofte:** "En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur."*

Joh.20:21b en 20:22b

***Opdrag**: "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."*

***Belofte**: Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en se: "Ontvang die Heilige Gees!"*

Indien lidmate twyfel of hulle binne die wil van die Here gemobiliseer moet word vir 'n spesifieke taak is bogenoemde 'n praktiese gegewe riglyn om hulp te verleen. Indien lidmate slegs 'n opdrag of slegs 'n belofte het kan hul later hul visie of entoesiasme verloor. Indien daar egter 'n woord van die Here aan lidmate is wat 'n opdrag **saam met** 'n versekering of belofte insluit, kan daar met sekerheid aanvaar word dat God reeds poog om kontak met die persoon te maak ten einde hom of haar te begin mobiliseer vir die kerk se taak in die wêreld.

Daarom moet geestelike voorgangers waak om in die prediking of in gemeente begeleiding vir evangelisasie, slegs God se opdragte en verwagtinge te projekteer sonder om ook die beloftes van beskerming en ondersteuning wat daarmee saamgaan te beklemtoon! Dit kan daartoe lei dat talle nie hulself sal kan plaas as God se voertuie waardeer Hy wil evangeliseer nie.

Die teendeel is ook waar! Indien ons as voorgangers net op die heerlikheid van 'n evangeliese roeping wys kan lidmate onoordeelkundig hulself beskikbaar stel en sonder die gesag van 'n Goddelike mandaat met teleurstelling daarvan afkom.

Om bogenoemde te illustreer neem ek Moses se lewe as voorbeeld. Moses was die beste kandidaat om die Israeliete uit Egipte te verlos. Op die oog af sou dit logies wees om hom te mobiliseer as leier vir God se verlossingsplan vir sy volk. Lukas motiveer in Handelinge hoofstuk 7 dit soos volg:

Moses is opgelei aan die Egipties koningshuis in al die wysheid van die Egiptenare (Hand.7:22).

Moses het sy volksgenote lief gehad en was besorg oor hulle (Hand.7:23).Moses het selfs ‘n roeping van God ervaar om ‘n aktiewe rol in Israel se verlossing te speel (Hand.7:25).

Op die oog af lyk bogenoemde kwaliteite genoegsaam om Moses uit te kies vir Israel se verlossing. Moses het in elk geval ook so gedink en buite om God se gesag begin opereer! Ons lees hiervan in Handelinge 7:25 –29.

“Hy het gemeen sy mense sou begryp dat God hom wou gebruik om hulle te red, maar hulle het dit nie verstaan nie. Toe hy die volgende dag op twee Israeliete afkom wat baklei, wou hy vrede maak en hy sê: ‘Mense, julle is tog broers! Hoekom baklei julle dan met mekaar? Maar die een wat met die bakleiery begin het, stamp vir Moses opsy en sê: ‘Wie het jou as ons leier en as regter oor ons aangestel?’ Wil jy my ook doodslaan, soos jy gister die Egiptenaar doodgeslaan het? Toe Moses dit hoor, het hy gevlug en ‘n bywoner in Midian geword.”

Moses kon nie vir sy volksgenoot ‘n sinvolle antwoord gee op die vraag: *Wie het jou oor ons aangestel nie?* Eenvoudig omdat hy in sy eie gesag hier optree sonder enige opdrag en belofte van beskerming van God af. Verleë verlaat Moses Egipte om te bly wonder waarom sy eie mense nie sy leierskap wil erken nie. Die rede moet voor die handliggend wees- God het hom nie gemobiliseer nie, hy het homself gemobiliseer!

Let nou op wat Lukas vir ons meedeel in Handelinge 7:30-37. Veertig jaar later verskyn God aan Moses in die brandende doringbos, met die volgende woorde:

“Die mishandeling van my volk in Egipte het Ek gesien en hulle gekerm het Ek gehoor. Daarom het Ek gekom om hulle te red. Kom nou nader; Ek wil jou na Egipte toe stuur”(vers 34).

“Dit is dieselfde Moses vir wie die Israeliete nie wou aanvaar nie en vir wie hulle gese het: ‘Wie het jou as leier en regter aangestel? Tog het God juis vir Moses as leier en redder na hulle toe gestuur deur die engel wat in die doringbos aan hom verskyn het (vers 35).

Gevolglik sou ons nou kan besef dat God self vir Moses hierdie keer gekies het om sy volk te verlos vir die groot uittog. Indien dit wel die geval is sal daar nou ‘n duidelike opdrag en belofte wees wat van God se gesag kon getuig:

Eks.3:10 en 3:12

Opdrag: “Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”

Belofte: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dit wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid.”

Hierdie keer is Moses inderdaad gereed om sy roeping te vervul. Die verskil veertig jaar later is God se gesag en nie Moses se eie inisaitief nie.

Dit is belangrik om mense te mobiliseer wat reeds deur God uitverkies is en dus met die gesag van God die kerk in die wêreld kan verteenwoordig. Bogenoemde riglyn van **opdrag en belofte,** sal mobiliseerders kan help om bogenoemde reeds vroeg in hul werksaamhede vas te stel.

MOBILISASIE AS ANTWOORD OP GOD SE BESORGDHEID

‘n Vreemde gedagte… Is dit nie? Dat God bekommerd kan wees! Om hierdie saak te verduidelik wil ek Mat.6: 25- 34 as verwysing gebruik.

Hierdie is die bekende gedeelte waarin God intensief met sy kerk praat rakende die sorge van die lewe. In hierdie aantal verse vind ons nie alleen dat God ons vrese en bekommernisse oor die basiese benodigdhede van die alledaagse lewe besweer nie; maar vind ons interessant genoeg ook ‘n bekommernis in God se hart!

God is bekommerd oor sy Koningkryk! God is besorgd oor die realisering van sy koningkryk in die wêreld. Net in ander woorde: God is bekommerd oor die lande en gemeenskappe wat ryp is vir die oes! God wil sy koningkryk vergestalt in alle sfere van die samelewing. Hy wil arbeiders, wat sy koningkryk verteenwoordig, in alle fasette van geestelike, sosiale, maatskaplike en politieke netwerke sien vestig!

Onomwonde ontstaan die vraag waarom God dan besorgd is oor sy koningkryk? Die antwoord vind ons ook in bogenoemde perikoop: God is besorgd oor sy koningkryk omdat Hy weet menslike bekommernis en angstigheid oor die lewe ons van die energie stroop om sy Koningkryk daagliks in ons leef wêreld te laat vergestalt! Anders gestel- Jesus is bekommerd dat die koningkryk van sy Vader tot die periferie van die samelewing verskuif word sodat ons daaglikse besorgdheid eerste ons aandag en energie kan verdien? Dikwels is dit ons besorgdheid oor ons finansies of ons aftrede of ons kinders of ons ouers…wat maak dat ons nie beskikbaar is om gemobiliseer te word vir die lande wat ryp is om die verlossing van Christus te ontvang nie!

Die woord ‘bekommer’ wat 6X in hierdie perikoop gebruik word het die grond betekenis van *selfpyniging of selfmoord*. Dit wil se dat bekommernis‘n proses is waarin die persoon wat hom of haar bekommer besig is met emosionele aftakeling wat vergelyk kan word met selfmoord!

Indien ons wat die liggaam van Christus op aarde verteenwoordig, daagliks ons energie gebruik om ons self te pynig deur besorgdhede, sal ons moeilik met lewenslus en vitaliteit kan fokus op die dinge aangaande die koningkryk van God. Vandaar God se besorgdheid!

Indien ons nou verder ondersoek instel na hierdie verse kom ons nog iets opvallends tee. Hier is in hierdie perikoop sprake van ‘n ooreenkoms tussen God en ons!

Nee, beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee…”(vers 33).

Ons vader is bereid om ons bekommernis oor daaglikse oorlewing (in ‘n somtyds genadelose lewe) te hanteer en daarin te voorsien as ons, wat die kerk van Christus verteenwoordig, ons weer sal beywer (bekommer) oor sy koninkryk!

Dit is heel eenvoudig: God gee vir ons wat ons nodig het om sy kerk in die wêreld te wees en ons beywer ons om juis dit (ware kerk) elke dag in elke faset van ons lewe te wees! Inderdaad sou ons kon verwys na ‘n ooreenkoms.

Dit is belangrik om te let op die gebruik van die woord: *beywer*. Hierdie woord kan goedliks ook vertaal word as *mobiliseer*. Dit wil se: *mobiliseer julle (aktiveer julle) vir die Koninkryk van God en vir die wil van God.*…Om die koninkryk van God te soek vra ‘n poging om te begin en dus om in beweging te kom(te mobiliseer).

Ek is daarvan oortuig dat mobilisasie die antwoord is op God se bekommernis! Indien die kerk daarin slaag om daagliks haarself te mobiliseer vir die saak van die koninkryk van God en daagliks mense help om te soek na wat dit is waarvoor God hulle wil mobiliseer- die uitdaging na meer arbeiders vir die oes aangespreek sal word!

DIE **DOEL** VAN MOBILISASIE IS **VERTEENWOORDIGING**

Een van die oogmerke van mobilisasie van die plaaslike gemeente vir evangelisasie is om Christus in die wêreld teenwoordig te maak. *Teenwoordigheid* is dus die sleutel woord.

Om dit te verstaan moet ons Mark 5:1-20 bestudeer:

In hierdie perikoop lees ons van Jesus wat poog om ‘n etniese groep varkboere te bereik in Gerasa. Met sy aankoms in Gerasa het daar vroeg reeds ‘n man met ‘n onrein gees Hom tegemoet gekom. Hierdie man het tussen die grafte gebly. In die ontmoeting tussen hierdie besete man en Jesus het die onrein geeste Jesus gesmeek om hulle in die varke in te stuur.

Jesus het inderdaad dit gedoen en het die groot trop varke (omtrent 2000) teen die hang van die berg afgehardloop – die see in. Hulle het almal versuip! Dit het die volgende reaksie tot gevolg gehad:”*Die wat alles gesien het, het vir die ander vertel wat met die besetene gebeur het en ook van die varke. Hulle het toe by Jesus daarop aangedring om uit hulle gebied uit weg te gaan”(Mark.5:16-17).*

Moontlik was die gemeenskap, wat nie-Joods was, en hul lewens bestaan uit die vark bedryf gemaak het, bang dat Jesus se teenwoordigheid dalk in die toekoms nog inkomste verliese vir hulle kon inhou; sou hy nog bose geeste in varke instuur!
Wat ookal die rede, hulle het uit vrees Jesus versoek om hulle gebied te verlaat.

Met Jesus se gereed maak om die gebied te verlaat kom die man, wat aanvanklik besete was maar nou verlos is, na Jesus met die versoek om een van sy dissipels te word en saam met Hom te gaan. Jesus se strategie is opvallend as hy vir die man se: “*Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het”(vers 19).* **Christus mobiliseer hierdie man om agter te bly en Hom (Christus self) daar in sy gemeenskap te verteenwoordig! Anders gestel – Christus sorg dat aangesien Hy self nie die mense se goedgesindheid kan geniet nie, een van hulle eie mense gemobiliseer word as ‘n getuie van Christus self.**

Jesus se mobilisering het dadelik die gewenste resultate gehad as ons lees in die slot vers: “*Hy het toe gegaan en deur die hele Dekapolis begin bekend maak wat Jesus alles vir hom gedoen het. Almal was verbaas daaroor”(vers 20).* Almal behalwe Jesus was verbaas! Hy het presies geweet wat die gevolg van sy strategie sou wees. Jesus het geweet dat soos hierdie man die goeie nuus vir almal in die omgewing vertel, dit Jesus se bediening ook na die nie-Jode sou laat uitbrei!

Dekapolis is die Griekse naam vir die gebied suidoos van die See van Galilea, waarin tien Grieks georienteerde stede geleë was. Hierdie tien stede het elk sy eie owerheid gehad, maar het mekaar ondersteun in ‘n bondgenootskap as daar gevaar was en het ook samewerkings ooreenkomste gehad ten opsigte van die handel.

Bogenoemde vertoon baie soos die Europese Unie vandag. Hoe bereik ons dan Wes-Europa vandag, of Brussel wat beskou word as die hoofstad van Wes-Europa? Hoe bereik ons ons hedendaagse stede met sy miljoene post modernistiese mense? In

Christus se mobilisasie strategie vind ons die antwoord! Ons werk met die beginsel van verteenwoordiging ! Ons mobiliseer gewoon die plaaslike kerk of ‘n gelowige om in sy of haar bekende omgewing die lig en krag van die evangelie met volksgenote te deel.

Die beginsel is dus eenvoudig! Indien ons gemeente se opdrag die evangelisering van gemeenskappe is anders as die van ons eie; mobiliseer en ondersteun ons daardie gelowige(s) wat reeds in daardie gemeenskap gevestig is en aanvaar is om die goeie nuus verder mee te deel.

DIE **FOKUS** VAN MOBILISASIE IS FUNKSIE EN NIE VORM

Waarom het Johannes sy evangelie geskryf? Op hierdie vraag sal daar waarskynlik meer as een beredeneerde antwoord kan wees. Ek is daarvan oortuig dat Johannes beleef en ervaar het dat die vroeë Christelike kerk sy **funksie begin verloor** het en vasgeval het in‘n **vorm-bestaan!** Hy gebruik juis dit dan as motivering om sy evangelie te skryf. Die kerk se **vorm** was ongelukkig belangriker as sy **wese**. Dit was genoeg rede vir Johannes om sy evangelie te skryf ten einde die saak reg te stel!

Johannes het baie duidelik ‘n probleem gehad met die kerk as instituut. In ander woorde – Johannes het ‘n probleem gehad met die kerk se oordrewe erns met amptelike vertoon, teenoor die kerk se afgewaterde funksie in die gemeenskap. Johannes skets nêrens in sy evangelie vir Christus as die grondlegger van die kerk as instituut nie. Nêrens maak Johannes melding daarvan in sy evangelie dat Christus die nagmaal instel of opdrag gee dat die kerk nuwe gelowiges moet doop nie. Met die lees van die evangelie is dit duidelik dat Johannes nêrens fokus op die kerk as gevestigde instansie nie.

Volgens die stelsel teorie het die kerk die natuurlike neiging om na ‘n tyd sy wyse van funksionering as ‘n saak op sy eie te sien. Die kerk loop dan gevaar om in ‘n instituut te verander. So ‘n gemeente gaan mettertyd al hoe meer op in ‘n stelsel. Lidmate wil hierdie stelsel dan later ten alle koste handhaaf. So gebeur dit in sommige kerke dat die handhawing van ‘n eie styl die hoofklem kry, terwyl die kerk se werklike roeping- om die evangelie uit te dra en die nood in die wereld aan te spreek- mis gekyk word. Die gevolg hiervan is verreikend! Gemeentes se fokus is dan eiebelang en selfoorlewing. Lidmate verloor hul visie vir kerk wees in die wereld en handhaaf hul lidmaatskap te alle koste net binne die vier mure van aanbidding. Om lidmate dan te probeer mobiliseer vir ‘n roeping na buite is kontra produktief aangesien hulle gekondisioneer is aan die hand van kerkwees binne die veilige ruimte van die kerk gebou!

Inhoudelik-Joh.2:6-10 saam met 2:13-16 wat kulmineer in Joh.3:16

Die vroeë kerk het begin opgaan in die vorm van rituele en gebruike.

SEREMONIES het in die kerk die ereplek gekry! Johannes teken die verhaal van die wonderwerk in Kana op om vir die kerk van sy tyd daarop te wys dat rituele nie vir Christus belangrik was nie. Hy herinner die kerk daaraan dat Christus reinigingswater gebruik het om wyn te korte aan te vul! Die praktyk van kerkwees was belangriker as die vorm waarin die kerk gegiet was (2:6-10)!

Verder verduidelik Johannes dat Jesus ook in die reiniging van die tempel nie alleen die geldwisselaars uit gejaag het nie,maar ook die **skape, beeste en duiwe**. Waarom? Want hierdie diere is in kultiese rituele gebruik wat met verloop van tyd in die tempeldiens belangriker geraak het as die boodskap wat dit moes uitdra (2:13-16)!

Nadat Johannes dan die kerk van sy tyd berispe, wys hy vir hulle wat die eintlike fokus punt moet wees deur te verwys na 3:16.

In 3:16 stel Johannes duidelik die funksie waarmee die kerk eerder gemoeid moet wees. In plaas daarvan om op te gaan in die vorm van rituele, gebruike en gewoontes kom wys Johannes die kerk op sy eintlike funksie, naamlik om die wêreld te bereik met die tasbare en praktyk gerigte liefde van God!

Die kerk was so besig met sy vorm van bestaan dat hy sy funksie verloor het!
Die kerk se gesig is dikwels na binne gekeer terwyl God se visie op die verlore wêreld is.

<u>Inhoudelik- Joh.4:11-14 met Joh.4:19-24 wat kulmineer in 4: 34-38</u>

Dikwels maak ons van ware godsdiens 'n kultuur aangeleentheid! Soos die Samaritaanse vrou waarvan ons lees in Johannes 4. Sy het gereken ware godsdiens is om die gebruike van die voorvaders te eer en in stand te hou. Godsdiens beoefening was vir haar gelyk aan die instandhouding van tradisie (kultuur).

Jakob was deur die Samaritane beskou as 'n belangrike voorvader. *As hierdie put wat die Samaritane geslagte lank gebruik het goed genoeg was vir hom (Jakob), wie is hierdie man(Jesus) dan om met 'n ander invalshoek te kom en dan nog daarop aanspraak te maak dat die water wat hy kan gee beter is…(Joh.4:11-13).*

Hierdie vrou het verstaan dat ware Godsdiens te doen het **met die instandhouding van die oorgelewerde gebruike van die voorvaders.**

Volgens vers 19 het die Samaritaanse voorvaders ook bepaal dat die ware aanbidding van God nie in Jerusalem moet wees soos die Jode vereis het nie, maar Gerisimberg. Volgens Samaritaanse tradisie het Abraham vir Isak op Gerisimberg geoffer, naby Sigem. Weereens reken sy dat ware Godsdiens **die instandhouding van 'n stelsel is***(4:19-24).*

In vers 34 tot 36 konfronteer Christus hierdie vrou met wat dit eintlik beteken om God in Gees en in Waarheid te aanbid:

Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi. Sê julle nie: Nog vier maande, dan is die oes daar nie? Maar Ek se vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes. Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe.

Christus ruk inderdaad die mat onder hierdie toegewyde Samaritaanse vrou uit deur vir haar daarop te wys dat ware godsdiens nie met voorgeskrewe voorvaderlike vorm godsdiens te doen het nie, maar met die belangrike funksie om saam met Christus die wil van die Vader te doen (en tot voltooing te bring) deur besorg en begaan te wees oor die oes wat ryp is op die lande! Christus verduidelik aan haar dat ware godsdiens, of dan die roeping van die kerk, in alles te doen het met die taak om as arbeiders in die wêreld te gaan arbei en dus in die wêreld te funksioneer as insamelaars van die oes!

Johannes wil dus deurgans vir die gevestigde en geinstitusionaliseerde kerk daarop wys dat die institusionele identiteit van die kerk moet verander na 'n

missionere identiteit. Dit kan natuurlik alleen gebeur wanneer die kerk gemobiliseer word om funksioneel in die wêreld te wees. Daarom dat Johannes sy evangelie afsluit met Christus se opdrag aan sy dissipels:" Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."(Joh.20:21).

Mobiliseerders se fokus moet altyd die van funksie wees. Die kerk kan alleen effektief in die wêreld wees as ons 'n geloofsgemeenskap kan mobiliseer wat funksioneer en nie bloot bestaan ter wille van oorgelewerde tradisie nie! 'n Onderskeidings vermoë is hier van kardinale belang. Indien ons nie kan onderskei tussen ons funksie (om arbeiders vir die oes te vind en uit te stuur) en vorm nie, bestuur ons die kerk as 'n **heilige ornament** in plaas van 'n **Goddelike instrument**!

Die storie word vertel van die pa en dogter wat die spesifieke dag in mekaar se geselskap was. Die pa wou graag sy koerant lees, maar moes plek plek sy dogter se baie nuuskierige vrae beantwoord. Die middelblad van sy koerant het 'n groot wêreld kaart beslaan. Hy besluit toe om die blad uit te skeer en versnipper dit in talle stukkies wat hy toe vir sy dogter gee. Sy opdrag aan haar was om die stukkende en verskeurde wêreld weer "terug te sit." Binne enkele minute was sy klaar met die opdrag en het die middelblad perfek aan haar pa oorhandig. Die pa was verstom oor die spoed waarmee sy hierdie takie uitgevoer het en wou weet hoe sy dit so gou kon voltooi? Sy verduidelik toe dat net op die agterkant van die middelblad die gesig van 'n man uitgebeeld word deur 'n advertensie maatskappy. Sy het gewoon sy gesig weer "heel gemaak" en sodoende die versnipperde wêreld herstel!

Die funksie van evangelisasie is om te herstel dit wat verskeur en versnipper is aan ons menslike bestaan! Die wyse waarop ons dit doen (wêreldkaart of gesig van die man) is nie so belangrik as dat ons wel iewers besig moet wees om funksioneel Jesus se koninkryk te vestig!

Die wonder van hierdie verhaal illustreer ook dat deur selfs net eers individuele herstel te bring ons met tyd impak op die groter wêreld kan maak!

DIE **GRONDGEBIED** VAN MOBILISASIE (Die 3x G's)

Daar is drie areas waarbinne mobilisasie beweeg en funksioneer ten einde suksesvol te wees. Ons sou ook kon praat van die grondgebied waarbinne mobilisasie poog om in te funksioneer.

Die drie areas hou verband met lidmate se **gehoorsaamheid**, **tyd en geld. Ons sou gemaklik ook kon praat van die drie G's, naamlik: Die GEE van myself, GEBED en GELD.**

Om dit te verstaan is dit nodig om na die lewe van Abraham te gaan kyk.

Abraham kan vanuit 'n sekere perspektief beskou word as die stigterslid van die grootste gemeente sonder grense. Sien hier die uitdrukking:" **vader van baie nasies**"(Gen.17:4-5). Waarom het God vir Abraham gekies om die geestelike vader van die grootste gemeente in die geskiedenis te wees? Abraham het drie beginsels in sy lewe toegepas wat deurslaggewend is vir evangelisasie.

God mobiliseer vir Abraham aan die hand van 'n opdrag en belofte soos ons reeds gesien het:

Opdrag: *Die Here het vir Abram gese: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys"(Gen.12:1).*

Belofte: *"Ek sal jou'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak,.."(Gen.12:2).*

Die eerste area van ons lewe wat God wil mobiliseer is daardie grondgebied waar GEHOORSAAMHEID in gedy! God vra onsself in die eerste plek en nie na dit wat ons kan aanbied nie! Daarom vra God dat ons ons self sal **GEE**. Deur ons lidmate te mobiliseer vir persoonlike verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan God laat ons God toe om ons lidmate se toewyding te ontvang. Dit is presies hoe Abraham op bogenoemde opdrag en belofte gereageer het:

"Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here…"(Gen.12:4).

Die tweede en derde grondgebied waarbinne mobilisasie moet plaasvind is sekonder tot die eerste area, maar uiters noodsaaklik soos nou verduidelik sal word.

Waar die eerste area die van persoonlike **gehoorsaamheid** is is die tweede dit wat inbreek maak op mense se kosbare tyd, naamlik **GEBED**. Deur mense vir gebed te mobiliseer laat ons God toe om toegang te kry tot ons lidmate se tyd. God was suksesvol om ten spyte van Abraham se besige reis skedule sy tyd te mobiliseer tot effektiewe gebedstyd!

"Nadat hulle in Kanaan aangekom het, het Abraham deur die land getrek tot by Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarseërsboom. In daardie tyd het die Kanaaniete die land bewoon…Abram het daar 'n altaar gebou vir die Here wat aan hom verskyn het. ***Van daar af het Abram verder getrek na die bergwereld toe…Daar***

het hy 'n altaar vir die Here gebou en die Naam van die Here aangeroep*. Toe het Abram kamp opgebreek en al gaande na die Suidland toe versit"(Gen. 12:5b-9).*

Die derde en laaste area is die van persoonlike finansies. Dit wil se: **GELD**. Ons lees hiervan in Gen.13 en 14.

"Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom. Abram was baie ryk aan vee en silver en goud"(Gen13:1-2).

"Melgisedek, koning van Salem en priester van God die allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring en hom geseën:'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. Geloof sy God die allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' ***Toe het Abraham vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee"(****Gen.14:18-20).*

Sonder om op die inhoud van hoofstuk 14 in te gaan, is dit duidelik dat Abraham se rykdom ook tot God se beskikking was om gemobiliseer te word vir watter goeie saak God dit ookal wou aanwend! Om die evangelie vandag tot aan die uithoeke van die wêreld te besorg vra groot finansiele bydraes en opoffering. Groot somme geld is nodig vir die kerk om die Koninkryk van God uit –en op te bou!

Ten slotte is dit duidelik:

Effektiewe mobilisasie is wanneer lidmate vanuit die geloofsgemeenskap hulself in Gehoorsaamheid aan God gee. Gebed en geld is twee konkrete maniere om lidmate se betrokkenheid te meet asook die effektiwiteit van die mobilisasie proses te bepaal.

DIE **PRYS** VAN MOBILISASIE IS DIENSBAARHEID

Die gemeente mobiliseerder wat inkoop op al die reeds genoemde moet ook rekening daarmee hou dat ook hierdie bediening (soos alle ander bedieninge)'n prys van ons vra.

In die geval van mobilisasie is die prys diensbaarheid. Geestelike leierskap vra van ons om in die gesindheid van Jesus Christus mobilisasie nie as magsgebied te vertolk nie, maar as grondgebied om hulle wat God reeds geidentifiseer het, te bedien!

Dit sou onnodig wees om beginsels hier te spesifiseer, aangesien 'n studie van Jesus se lewe en bediening genoegsaam die tema van diensbaarheid demonstreer. Nietimin sou ek graag net enkele sentrale gedagtes wou deel.

In Johannes 13:12-17 lees ons van 'n kragtige demonstrasie waarin Jesus sy dissipels motiveer om aan die toekomstige kerk, wat hulle binnekort sou help vestig met die krag van die Heilige Gees,'n karakter van diensbaarheid te gee.

*"Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: 'Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete was, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Dit verseker Ek julle: '****n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."***

Dit is insiggewend dat Jesus in sy onderrig aan die dissipels die woord:'*slaaf*' gebruik. Voetewas was slawewerk. Paulus gebruik dieselfde woord keuse wanneer hy na die kerk se dienswerk verwys:

"Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van die een aan wie julle gehoorsaam is..ons dank daarom God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen"(Rom.6:16,18).

Waarom sou die Nuwe Testament die woordkeuse van '*Slaaf*' gebruik om uitdrukking aan diensbaarheid te gee en nie byvoorbeeld die woord:'*kneg*' nie?

'n Kneg staan slegs in diens van die persoon wat hom of haar indiens neem. So 'n kneg is egter nooit die eiendom of persoonlike besit van die persoon in wie se diens hy of sy is nie. 'n Slaaf daarenteen is egter die eiendom van die een vir wie hy werk, aangesien die slaaf duur gekoop is. Die kern gedagte wat die Nuwe Testament aan ons wil oordra is dat Christus ons met sy lewe, duur gekoop het en ons daarom die eiendom van God is.

Die geestelike voorganger se sentiment in die mobiliserings proses sal bogenoemde moet kan oordra. Evangelisasie is nie 'n tydelike kontrak waardeur rolspelers diens aan die kerk as instituut verrig nie. Eerder is evangelisasie 'n leefwyse in diens van

God omdat Hy sy gemeente duur gekoop het om sy diensbaarheid in die gemeenskap te openbaar!

Die storie word vertel van die hoender en vark wat besluit het om op reis te gaan. Oppad besluit hul om by ‘n vulstasie restaurant te stop vir ‘n laat ontbyt. Opgewonde het die hoender ingevladder en by die eerste tafel gaan sit, terwyl die vark vierpotig vasgesteek het sonder om in te gaan. Vir eers raak die hoender ongeduldig totdat die vark sy aandag vestig op die kennisgewing bord waarop staan: SPESIALE ONTBYT PROMOSIE: SPEK EN EIERS!

Die hoender sou slegs ‘n paar eiers kon lê om vir sy ontbyt te betaal. Die vark daarenteen sou dalk sy lewe moes prysgee om vir sy laaste ontbyt te betaal!

Mobilisasie ter wille van effektiewe evangelisasie vra nie slegs iets van ons nie. Nie net ons tyd en geld sal noodwendig die gewenste resultate oplewer nie, maar vra in die reël onsself!

DIE **VYAND** VAN MOBILISASIE IS WANNEER ONS "HUIS WIL BOU!"
Luk.9:23-36

Enige pro-aktiewe proses om die koingkryk van God te dien of dan lidmate te mobiliseer as arbeiders vir die oes sal nie die goedkeuring van die bose wegdra nie. Die duiwel is maar altyd paraat om enige vorm van mobilisasie in die wiele te probeer ry.

Met die bestudering van die kerk se geskiedenis deur die eeue het die duisternis nie aan oorspronklikheid ontbreek om die kerk in sy mobilisasie taak te probeer stuit nie. Met die tot standkoming van die kerk was dit eerstens aktiewe vervolging onder die bewind van die Romeinse Ryk. Daarna was dit dwaallering om die kerk lam te lê en van binne af te verdeel. In die derde plek het die bose strategies te werk gegaan om die wêreld in die kerk te vestig! Deur dus die kerk passief te maak word enige vorm van mobilisasie lam gelê!

Die vyand van mobilisasie is passiwiteit. Ek verwys dikwels daarna as '***die gevaar van huis opsit.'*** Om my self te verduidelik is dit nodig om te verwys na die *verheerliking op die berg* soos ons dit vind in Luk.9:28-36.

In hierdie verhaal neem Jesus vir Petrus, Johannes en Jakobus die berg op om saam met Hom te gaan bid. Terwyl hulle bid het die voorkoms van Jesus se gesig verander en het Moses en Elia in 'n hemelse glans tussen hulle verskyn! Toe Moses en Elia se glans weer vervaag en dit blyk dat die heerlikheid van hierdie hemelse ervaring aan die verbygaan is sê Petrus vir Jesus:"*Here, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia. Hy het nie geweet wat hy sê nie"(Luk9:33b).*

Ons sou Petrus se woorde ook kon formuleer as: *Here laat ons hier huis opsit. Ons bou drie huise: een vir U, een vir Moses en een vir Elia."*

Om in die heerlikheid van die Here te wees is onbeskryflik. Om God se teenwoordigheid te ervaar en deel van so 'n hemelse vergadering te wees is ongekend en daarom dat Petrus vir tyd en ewigheid daaraan wou vashou. Petrus was so desperaat om nie die heerlikheid van hierdie grootste moment te verloor nie, dat hy bereid was om dadelik huis op te sit!

Bogenoemde is een van die grootste gevare in die kerk van Jesus Christus! Ons geniet die bedieninge in ons gemeente en beleef so die heerlikheid van God in ons samekomste dat ons in die vier mure van ons aanbiddingsruim wil huis opsit en net daar bly…

Die heerlikheid van God is nooit die probleem nie. Die teenwoordigheid van God is nooit die probleem nie. Die vashou daaraan is die probleem…die huis opsit en daarin gemaklik begin bly is die probleem…

Petrus wil hom net daar in die heerlikheid van God vestig. Hy vergeet egter van die woorde wat Jesus met hulle gedeel het 'n week tevore (9:28) toe hy met hulle gepraat het oor die eise van navolgelingskap (9:23-27). Daar het Jesus spesifiek

gese: *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloen, elke dag sy kruis opneem en* *My volg"(9:23).* Petrus het vergeet dat Christus Hom nie in sy heerlikheid ingeroep het nie, maar eerder vir hom die wêreld ingestuur het! Petrus het in 'n onbesonne oomblik vergeet dat net sewe dae gelede, Christus duidelik daarop gewys het dat navolgelingskap van Hom nie hemels is nie, maar met kruisdra en selfverloening gepaard gaan! Die kern woorde, naamlik: *…agter my aankom…en My volg* het hy minder goed gehoor,anders sou hy begryp het dat kerk-wees nie met passiwiteit te doen het nie, maar met op weg wees om die wêreld met Christus se genade te bedien!

Die bose haat mobilisasie. Vir die eenvoudige rede dat dit die kerk gedurig herinner om uit haar gemaksone te beweeg en haar uitdaag om daar te wees waar Cristus is-in die wêreld besig met die oes!

EVANGELISASIE – MY GEMEENTE SE ROEPING Ef.3

Efesiers: 1:1-23 hou verband met die gegewe feit dat God sy gemeente uitverkies het en dat hierdie uitverkiesing op God se soewereine genade berus.

"*So het Hy nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees"(Ef.1:4-5).*

Efesiers: 2:2-22 vertel verder dat die ker k(ons gemeente)uitverkies is vir die ewige lewe!

"*Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het"(Ef.2:6-7).*

Ongelukkig is dit hier waar ons nie verder die Efesiersbrief lees nie! Ons wil te graag net hoor van ons verlossing in Christus en van al die geestelike voordele wat dit vir ons as gemeente of kerk van Jesus Christus inhou. Dikwels raak ons gemaklik met ons kindskap en vergeet dat God se genade nooit goedkoop is nie!

Paulus gaan verder in sy skrywe aan die gemeente in Efese om dit baie duidelik te stel dat hulle as gemeente nie alleen uitverkies is vir die hemel nie, maar ook vir evangelisasie werk!

In Efesiers: 3:1-13 verduidelik Paulus dat die kerk ook uitverkies is om die geheimenes van die evangelie in die wêreld in te neem!

Inhoudelik verduidelik hy dit soos volg:

Wie maak die dringendheid van evangelisasie bekend aan gemeentes? – Die Heilige Gees.

"Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenes aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees **aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie"(Ef.3:5).**

Wat is evangelisasie? – Verkondiging van die Evangelie.

"En dit is die geheimenes: deur die verkondiging **van die evangelie…word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus…"(Ef.3:6).**

Wie is uitverkies hiervoor? – My gemeente!

*"Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid **deur die kerk** bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al*

voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring"(Ef.3:10).

Paulus het goed verstaan dat gemeentes ook in 'n gemaksone kan verval en dit moeilik vind om gehoorsaam te wees aan God se roepstem. Daarom het Paulus 'n gebed gebid vir die gemeente in Efese sodat hulle nie net sal verstaan dat hul uitverkies is vir die hemel nie, maar ook vir evangelisasie! Hierdie gebed is opgeteken in 3:14-19.

Indien u graag wil meewerk daaraan dat u gemeente 'n evangelisasie visie ontwikkel; kan u nou as afsluiting Paulus se gebed vir die gemeente in Efese, ook vir u gemeente bid.

Bid dat u gemeente innerlike krag sal ontvang om uit hul gemaksone te beweeg (3:16).

Bid dat u gemeente nie op die materiele fokus nie, maar vanuit geloof Christus sal dien. Bid ook dat daar 'n liefde in die gemeente sal posvat vir hulle wat bereik moet word met die evangelie (3:17).

Bid dat u gemeente opnuut God se liefde vir hulself sal ontdek ten einde daardeur gemotiveer sal word om dit met ander te begin deel (3:18).

Bid dat u gemeente vervul sal word met die volheid van God se heilsplan (3:19).

N GEMEENTE WAT DIE KRAG VAN MOBILISASIE ONTDEK HET

Psalm 67 vertel die verhaal van ‘n geloofsgemeenskap wat God se mobilisasie hart vir die ganse wêreld ontdek het. Hierdie psalm getuig van ‘n groep mense wat ‘n transformasie ondergaan het, deur God se passie vir die oes te ontdek.

Inhoudelik:

Natuurlik was dit nie altyd so gewees in die geskiedenis van hierdie gemeente nie. Aanvanklik was hierdie gemeente ‘n geloofsgemeenskap wat net binne die **Aaronietiese seën** geleef het. Hiervolgens het hulle die priesterlike seën van **Num.6:22-27** vir hulle eie behoeftes gehandhaaf.[*Sien Num.6:24-25 met Ps.67:2]*.

Die tipografie van die woord **sela** *aan die regterkant van die perikoop wat tussen vers 2 en 3 aangebring word word hier gebruik om tydsverloop aan te dui. Die skrywer wil gevolglik aandui dat daar met tyd ‘n transformasie/verandering in die lewe van hierdie geloofsgemeenskap ingetree het!*

Met die verloop van tyd het hierdie gemeente uit die Aaronitiese seën uit beweeg na die **Abrahamitiese seën**. Soos wat Abraham vir die ganse wêreld van sy tyd tot ‘n seën moes wees; het hierdie gemeente begin verstaan dat hulle juis ‘n geloofsgemeenskap is, nie terwille van hulle self nie, maar ter wille van die ander nasies. Sien **Gen.12:3.**[*Vergelyk Gen.12:3 met Ps.67:3]*.

Wanneer ‘n gemeente ‘n transformasie proses ondergaan van die Aaronitiese seën na die Abrahamitiese seën vind daar groei op drie vlakke plaas:

Die geloofsgemeenskap groei van ‘n *eksklusiewe gemeente* tot ‘n *inklusiewe* gemeente. **(**vers 2 gebruik die woorde ***ons*** teenoor vers 4-6 se woordkeuse vir ***volke/nasies).*** Die voordeel wat hierdie gemeente ontdek het is dat hulle van binne af omskep is tot ‘n gemeente sonder grense!

Die geloofsgemeenskap groei van ‘n **omdat** gemeente tot ‘n **sodat** gemeente. (Sien hier die progressiewe groei van vers 2 na vers 3 deur die verbindingswoord –sodat).
Die voordeel wat hierdie gemeente ontdek het is dat hulle as geloofsgemeenskap nou ‘n groter doel voor oë het! Gemeentes wat mobilisasie as ‘n bediening verstaan en besorg is oor die tekort aan geestelike arbeiders in die wêreld kan gemeet word aan twee kenmerke: naamlik, ‘n **sodat** en ‘n **sowel as** gemeente. ‘n **Sodat** gemeente funksioneer in belang van die verlore wêreld en is daar sodat die wêreld kan glo dat Christus leef. ‘n **Sowel as** gemeente verstaan aan die hand van Handelinge 1:8 dat ons nie kan kies of ons net hier naby of net daar ver betrokke wil raak nie. Ons moet hier sowel as daar ver die koningkryk van God verteenwoordig.

Die geloofsgemeenskap groei van ‘n **onseker gemeente** tot ‘n **versekerde gemeente**.
(Sien die onseker gebed om God se seën in vers 2 teenoor die versekering en bewys dat God hulle wel geseën het in vers 7-8). Hierdie gemeente bevind hulle skielik binne die wil van God wat sy seën en goedkeuring wegdra!

Ongetwyfeld sal ‘n gemeente wat die krag van mobilisasie ontdek het begryp dat hul instaat is om arbeiders vir die oes te voorsien. Verder sal hul ontdek dat hulle ‘n gemeente sonder grense word wat nie alleen sentraal in God se wil staan nie, maar ook skielik ‘n groter roeping het as kerk wees binne die veilige ruimte van vier mure!

GOD SE EER IS OP DIE SPEL:

Ons gaan fokus op Psalm 96.

In hierdie psalm is dit merkwaardig hoe baie keer die skrywer die woord **eer/eerbied** en ook **al/alle/alles/almal,** bykans tot vervelens toe gebruik! Volgens geleerdes doen die skrywer dit doelbewus om die sentrale tema aan ons wat die lesers is oor te dra. Die tema blyk dus die volgende te wees: *God wil deur "**almal** op aarde" **ge-ëer** word.*

"…eer van die Here…" = X 6

"al/almal/alles" = X 8

Wanneer 'n mens bogenoemde verstaan, begin evangelisasie vir 'n mens sin maak en betekenisvol word. Evangelisasie maak erns met God se eer en wil God se eer vestig daar waar God nog nie ge-ëer word nie. Evangelisasie is nie in die eerste plek ter wille van die mens self nie, maar ter wille van God se eer.

EVANGELISASIE IS GOD SE VOERTUIG OM SY EER ONDER "ALMAL OP AARDE TE VESTIG."

God se eer word geroof.

Ps. 96 is 'n loflied wat geskryf is nadat Dawid die verbondsark terug gebring het na Jerusalem. Die verbondsark is deur die Filistyne geroof en was vir 'n geruime tyd nie meer in die besit van Israel nie. Omdat die verbondsark simbool was van God se eer was dit vir Dawid belangrik om die ark terug te besorg in Jerusalem en dus simbolies God se eer in Jerusalem te herstel. (sien 1Sam. 4:11,17 en 19-21).

Evangelisasie is om God se eer terug te neem of te gaan herstel in ons gemeenskappe waar dit skade gely het.

As Ps.96 verduidelik dat God die eer en aanbidding van alle mense soek, moet ons by implikasie die afleiding maak dat nie alle gemeenskappe God eer nie? Ps.96 bevestig dit ook met die lees van verse 4-5. Afgodery was maar altyd 'n wesenlike gevaar vir Israel omdat die omliggende volke hierin aktief was. Afgodery beteken gewoon om iets anders in die plek van die enigste en ware God te stel. Moderne afgodery is van toepassing op **Materialisme, Individualisme en Sekularisasie.**

In hierdie lied van Dawid word Israel opgeroep om te gaan en te <u>verkondig</u> onder hierdie volke en nasies wat nie vir God eer nie, dat God die Een is wat regeer. Vir God is dit geen geringe saak dat sy eer skade ly nie. Vir God is dit geen geringe saak as mense mislei word om agter gode aan te stap wat nie kan verlos en uitred soos Hy nie.

Daarom dat Israel een GROOT opdrag kry: Om God se eer te gaan herstel!

Hoe word God se eer herstel? Deur te getuig van sy reddingsdade aan hulle wat verblind is vir hierdie werklikheid. Deur die goeie nuus opnuut te proklameer.

"Verkondig **elke dag sy reddingsdade!** Vertel **die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade"(vers 2-3).**

"Verkondig **onder die nasies - die Here regeer" (vers 10).**

Mobilisasie as bediening ter wille van effektiewe evangelisasie verstaan die roeping om God se eer in die wereld te herstel.

SEESTERRE

Is evangelisasie nog die moeite werd. Is dit moontlik om die gety van geestelike verval te keer? Is dit moontlik vir die plaaslike gemeente om VIGS en armoede sinvol te bekamp?

‘n Slot verhaal om bogenoemde in perspektief te stel.

‘n Man loop een oggend langs die see en vind tot sy onsteltenis dat ‘n vrats gety duisende seesterre op die strand uitgespoel het. Sonder om twee keer te dink begin hy om een vir een die seesterre terug te gooi in die water…

Mense wat ook die seefront geniet kom verby om die man se pogings gade te slaan. Een van hulle steek vas en konfronteer die man: “Meneer” sê hy “hier is duisende seesterre en u gaan ontmoontlik nie almal so kan red nie?” Die natgeswete man stop vir ‘n oomblik en kyk na die seester in sy hand en antwoord: “ja ek besef dat ek nie elke seester so sal kan terug help die see in nie, **maar vir hierdie een sal ek ‘n verskil kan maak.” En met daardie woorde gooi hy die seester diep agter die branders terug!**

Kan langtermyn en volgehoue evangelisasie inderdaad N VERSKIL MAAK ? As ons na Jesus se bediening kyk – verseker !

Weereens gebruik ek die gesprek tussen Jesus en die Samaritaanse vrou as voorbeeld in Johannes 4.

Johannes 4:1-4 is ‘n inleidende stelling.

Jesus het in elke dorpie waar hy gekom het, dissipels gemaak.



Jesus se dissipels het weer ander dissipels beinvloed en hulle gedoop.

Johannes 4:5-42 motiveer bogenoemde stelling

Hoe het Jesus dissipels gemaak?

Jesus knoop ‘n gesprek aan met die Samaritaanse vrou wat niks met evangelisasie in 5 maklike stappe te doen het nie, maar wat by die alledaagse konteks van die Ou Nabye Ooste aansluit, naamlik die noodsaaklikheid van water (v.7-15).

Jesus soek dan ook iemand uit wat reeds ‘n “algemene” begrip het van die verwagte Messiaanse verlossing (v. 25-26).

Die vrou kom tot geloof in Jesus en “plant” die eerste Messiaanse gemeente in Samaria! (v. 28-30 en 39).

Jesus se strategie kan ons natuurlik ook plaaslik gebruik om kerke op veraf plekke te vestig.

Dit word duidelik in die verhaal van Filippus en die Etiopier in Handelinge 8:26-40

Die Etiopier het waarskynlik die Joodse pinksterfees in Jerusalem bygewoon en was nou oppad terug na Etiopie. Verras deur die gebeure in Jerusalem met die uitstorting van die Heilige Gees en talle Jode wat Jesus aangeneem het, ondersoek hy oppad terug ook die skrif (v. 27-28).

Die Heilige Gees lei sy kinders graag na soekende mense! So word Filippus na die man gelei. Filippus evangeliseer die man op die pad wat hy mee terug gaan na Etiopie (v. 35-39)

Die vermoede is dat hierdie man dan ook terug is na Etiopie en danksy hom die Christelike geloof daar gewortel en gegrondves is al reeds vir meer as 2000 jaar!

Dit alles danksy Filippus se gehoorsaamheid !

GROEPSTUDIE MET VRAE: - VISVANG VIR JESUS

Inleiding:
Jesus se roeping vir die kerk het in die verloop van meer as 2000 jaar nie verander nie…ons het dit verander. Iemand het op ‘n stadium gesê dat die kerk lidmate so besig hou met geestelike pogings en programme dat lidmate nie meer energie het om die eintlike taak uit te voer waarvoor Christus die eerste dissipels geroep het nie! Ek hoop dit begin duidelik word dat ons hier praat van evangelisasie. In evangeliese terme praat ons van visvang vir Jesus!

Met hierdie geleentheid gaan ons poog om DRIE probleem areas aan te spreek wat lidmate daarvan weerhou om die evangelie prakties te bedien.

- Evangelisasie as die antwoord op gemeentes se identiteits krisis
- Evangelisasie as die antwoord op gemeentes se finansiële krisis
- Evangelisasie as die antwoord op gemeentes se kragteloosheid

Inhoudelik:

<u>Evangelisasie as antwoord op gemeentes se identiteits krisis:- Mat.4:18-22.</u>

‘n Identiteits krisis loop parallel met oorlading van werk en verantwoordelikheid. Wanneer ek op verskillende stoele moet sit en myself in verskillende rolle moet verdeel raak ek dikwels oorlaai wat onsekerhied en ‘n identities krisis skep! Bespreek Wat dui daarop dat die eerste dissipels nie onseker was oor hulle roeping nie(20)?

Antwoord: Hulle het DADELIK hulle nette gelos.

Hoe het Jesus dit reg gekry dat daar nie onsekerheid kon ontstaan nie (19)?

Antwoord: Jesus mobiliseer hulle in ‘seemans’ taal wat hulle dadellik kon begryp: “Vissers van mense”

Wat is die oorspronlike roeping van die kerk?

Antwoord: Evangelisasie

Die kerk se ware identiteit is om te evangeliseer.

<u>Evangelisasie as antwoord op gemeentes se finansiele krisis – Mat.17:24-27</u>

Tempelbelasting was nodig om die tempel se infrastruktuur en dienslewering te ondervang. Enige onderneming tot groot maatskappye het bedryfskapitaal en finansiering nodig om te kan bestaan.

Hoe kan ons vers 27 toepas op die vorige perikoop?

Antwoord: Die tema van visvang kom weer hier voor.
Hoe kan evangelisasie enige gemeente se finansiele probleme help oplos?

Antwoord: Hoe meer "vis" ons vang hoe meer silwermuntstukke ontvang ons!
Hoe meer mense deur die plaaslike gemeente gehelp word om vryspraak en verlossing te vind sal hulle Jesus eer, nie slegs deur hul getuienis nie, maar ook deur hulle finansiele offervaardigheid!

<u>Evangelisasie as antwoord op gemeentes se kragteloosheid – Joh 21:1</u>

Talle gemeentes verloor hul evangelisasie krag met verloop van tyd en verloor hul oorspronklike roeping! Dit sien ons ook in die lewe van die dissipels! In plaas daarvan om die opdrag van 20:21 te gehoorsaam en die wêreld te evangeliseer is die dissipels nie besig om vis te vang vir Jesus nie, maar vir hulle self!

Waarom dink u het hulle niks gevang nie (3)?

Antwoord: Hulle oorspronklike roeping is evangelisasie (visvang vir Jesus) en nie kommersiële (wêreldse) visvang nie.

Waarom is dit belangrik om mooi te luister by die Here oor WAAR ons moet evangeliseer (6)?

Antwoord: Indien die plaaslike gemeente eers vanuit hul verhouding met Jesus mooi luister presies watter deel van die gemeenskap hulle moet bedien en op watter wyse-sal resultate volg!

Is Evangelisasie die katalisator vir God se krag in ons gemeentes? Kan evangelisasie hedendaagse wonderwerke tot stand bring? Waarom sê u so (11) ?

Antwoord: Ja, Die enigste manier hoe die plaaslike gemeente 'n ekstra vangs kan toevoeg is deur visvang (evangelisasie).

In watter mate kan vers 10 sinspeel op die dissipels en die kerk van vandag se evangelisasie roeping?

Antwoord: Jesus verwag van ons resultate/gehoorsaamheid.

GAAN DAN EN MAAK GOLWE –Eseg. 47:1-12

Ter inleiding:
Water het nog altyd in die konteks van die Ou nabye Ooste ‘n geweldige belangrike rol gespeel. In die Ou Testament is daar talle verwysings na water as simboliek om God se seën en herstel aan te dui. In die Nuwe Testament gebruik Jesus water as simboliek om gereeld te verwys na herstel en nuwe lewe.

In Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die water put – praat Hy met haar oor water wat tydelik ons dors kan les. Maar die water wat van Hom kom kan mense se geestelik dors versadig en ewige lewe gee.

Inhoudelik:
Die temple (kerk) is die vertrekpunt van die Here se genade en seën na die wêreld (Eseg.47:1). Wanneer en soos die Here die wêreld daar buite wil aanraak en herstel en seën, begin Hy by ons. Die gemeente is die plek van waaraf God begin om die wêreld te seën!

Ons mag nie die Here se seën en guns inperk en inkort om net vir ons te wees nie. Die seën van die Here mag nooit deur ons eie beperktheid ingeperk word nie. Dit is nie net vir ons bestem nie (Eseg. 47:3-5).

Loop deur water (enkeldiep) = Jerusalem (Die Here se seën vir ons gemeenskap)
Loop deur water (kniediep) = Judea (Die Here se seën vir ons groter omgewing)
Loop deur water(heuphoogte)= Samaria (Die Here se seën vir ons land)
Swem deur water (Stroom) = Die werêld (Die Here se seën aan die werêld).

Die Here wil die werêld bereik en Hy sal nie toelaat dat ons die vloei van sy seën inperk nie. Water is so kragtig dat mense se pogings om die vloei daarvan te stop nooit regtig slaag nie.

Wanneer ‘n gemeente toelaat dat die Here se seën by hulle begin en die Here se guns nie deur hulle geblokkeer of ingeperk word nie- gebeur daar drie bo-natuurlike werkinge (Eseg. 47:12).

<u>Daar kom nuwe lewe (Die onmoontlike word moontlik)</u>
Vissermanne langs en op die dooie see!!! Hoekom? Die lewende water wat uit die tempel gevloei het het die dooie see bereik en die water vars gemaak.

<u>Daar kom oorvloed (vrugtebome waarvan die vrugte nie sal opraak)</u>
Die Here se seën spreek geestelike armoede en honger aan.

<u>Daar kom genesing(blare wat genesing bring)</u>
Stukkende mense sal verlos, bevry en gesond word.

In Openbaring lees ons van die nuwe hemel en die nuwe aarde (hoofstuk 21). In 22:1-2 lees ons dat in die lewe hierna die stroom wat lewe gee nog steeds sal vloei.

Wanneer ons die Here se seën na ander neem en dit nie inperk nie, moet ons dit nie geringskat nie. Ons werk het ewigheidswaarde!